Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 148

# DIE ONDERWYSREGTE VAN MINDERHEIDSGROEPE EN DIE ONDERWYSSTELSEL

Prof. HJ Steyn

Inougurele rede gehou op 21 November 1997.

Publikasiebeheerkomitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
2520

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Publikasiebeheerkomitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 1999 PU vir CHO

**ISBN** 1-86822-366-3

# Die onderwysregte van minderheidsgroepe en die onderwysstelsel

**HJ Steyn**

**Intreerede as professor in Vergelykende Opvoedkunde in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gelewer in die Senaatsaal, Joon van Rooygebou, op Vrydag 21 November 1997.**

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Inleiding | 1 |
| 2 | Die aard en funksionering van die onderwysstelsel | 1 |
| 2.1 | Die struktuur van die onderwysstelsel | 1 |
| 2.1.1 | Die samestellende dele van die onderwysstelsel | 2 |
| 2.1.2 | Soorte onderwysstelsels | 3 |
| 2.2 | Die funksie van die onderwysstelsel | 4 |
| 2.3 | Die determinante van die onderwysstelsel | 5 |
| 2.4 | Beplanning van die onderwysstelsel | 7 |
| 2.5 | Standpuntinname | 7 |
| 3 | Die onderwysregte van minderheidsgroepe | 8 |
| 3.1 | Die regte van minderheidsgroepe | 8 |
| 3.2 | Die onderwysbelange van minderheidsgroepe | 9 |
| 3.3 | Die minderheidsgroep as deel van die teikengroep van die nasionale onderwysstelsel | 11 |
| 3.4 | Onderwysinrigtings vir minderheidsgroepe | 12 |
| 3.5 | Stand van minderheidsgroepregte in Suid-Afrika | 14 |
| 3.6 | Standpuntinname | 14 |
| 4 | Ten slotte | 15 |
| Bronne | | 15 |

# DIE ONDERWYSREGTE VAN MINDERHEIDSGROEPE EN DIE ONDERWYSSTELSEL

## 1 INLEIDING

Hierdie intreerede handel oor die verband tussen die onderwysregte van minderheidsgroepe en die onderwysstelsel. Die vraag kan waarskynlik tereg gevra word wat dié onderwerp met 'n intreerede in die Vergelykende Opvoedkunde, en veral met die bydrae van Vergelykende Opvoedkunde in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika, te make het. Daar kan verder gevra word of dit enigsins ter sake is dat 'n Vergelykende Opvoedkundige in Suid-Afrika van voorneme is om hom die volgende aantal jare met die onderwysregte van minderheidsgroepe te bemoei terwyl daar soveel ander dringende probleme is. Waarom die onderwysregte van minderheidsgroepe na 1994 die fokus van my akademiese arbeid is, is nie in reaksie op die regeringsverandering in Suid-Afrika nie maar het gevolg uit die skerp klem op minderheidsgroepregte in die wêreld veral na die verval van die USSR. Die erkenning van minderheidgroepregte word ook beskou as een van die uitgangspunte in die voorsiening van multi-kulturele onderwys wat tans in Suid-Afrika in die brandpunt staan.


Ten einde die verband tussen die onderwerp, naamlik die onderwysregte van minderheidsgroepe en die onderwysstelsel, en my arbeid in die Vergelykende Opvoedkunde te verduidelik en op logiese wyse te ontwikkel, is dit nodig om opeenvolgend aan die volgende aspekte aandag te gee naamlik: die aard en funksionering van die onderwysstelsel; die betekenis van onderwysregte van minderheidsgroepe vir die aard en funksionering van die onderwysstelsel; onderwysvoorsiening in Suid-Afrika; en die drieledige taak van die universiteitswetenskaplike, en dan veral aan die PU vir CHO. Dit is ook nodig om aan te toon dat 'n intreerede, volgens die formaat wat ek dit aanpak, aan die wetenskaplike die geleentheid bied om op unieke en eiesoortige wyse sy fokus op die wetenskapsbeoefening te verduidelik, en daarom hoop ek om uit my eie akademiese werk bogenoemde verband op logiese wyse aan te toon. Ander wetenskaplikes wat wil weet hoe my standpunte van ander Vergelykende Opvoedkundiges s'n verskil of uit hul aanvoorwerk ontwikkel is, kan sodanige ooreenkomste en verskille opspoor in die bronne waarna verwys word.

## 2 DIE AARD EN FUNKSIONERING VAN DIE ONDERWYSSTELSEL

### 2.1 Die struktuur van die onderwysstelsel

Die onderwysstelsel as Godgewilde samelewingstruktuur het ontiese status en vertoon sekere universele sowel as individuele kenmerke (Steyn, 1997(a): par. 2.2). Na die universele kant kan die onderwysstelsel gedefinieer word as die raamwerk, bestaande uit vier komponente, vir effektiewe onderwys om in die werklike onderwysbehoeftes van die teikengroep te voorsien. In sy eenvoudigste vorm kan die onderwysstelsel soos in figuur 1 voorgestel word.

Figuur 1. Voorstelling van die onderwysstelsel



### 2.1.1 Samestellende dele van die onderwysstelsel

Die samestellende dele van die onderwysstelsel kan die komponente van die onderwysstelsel genoem word. Elk van die komponente van die onderwysstelsel bestaan op sy beurt weer uit 'n aantal onderafdelings of elemente. Elk van die elemente het 'n spesifieke funksie of moet aan sekere vereistes voldoen ten einde die effektiewe funksionering van die onderwysstelsel te verseker. Die komponente van die onderwysstelsel en hul respektiewelik samestellende elemente is die volgende (Steyn, 1996(a): hoofstuk 2):

⇒ Die **onderwysstelselbeleid** verteenwoordig die onder woord bring van die wyse waarop in die onderwysbehoeftes van die teikengroep voorsien word en sluit die volgende elemente in:

- Die **visie** waardeur die verwagte rigting of ideaal van die onderwysstelsel aangetoon word.
- Die **missie** of **strewekenmerke**, in sommige gevalle die waardes en beginsels of doelstellings van die onderwysstelsel genoem, waardeur die ideale kenmerke van die onderwysstelsel beskryf word.
- Die **formaat** van die onderwysstelselbeleid wat die wyse waarop die onderwysstelselbeleid, byvoorbeeld wetgewing, regulasies of reëls gegee word, verduidelik en waarin die inhoud van die onderwysstelselbeleid gegee word.

⇒ Die **onderwysstelseladministrasie** verwys na die funksionarisse en aktiwiteite waardeur die onderwysbeleid bepaal en toegepas word en sluit die volgende elemente in:

- Die **organisasiestruktuur** van funksionarisse waardeur die take van en verbande tussen die persone verantwoordelik vir die bepaling en toepassing van onderwysstelselbeleid uiteengesit word.
- Die **skakelingsmeganismes** waardeur interne skakeling tussen die funksionarisse en eksterne skakeling tussen die funksionarisse van die onderwysstelsel en die teikengroep bepaal word.
- Die **finansiering** waarbinne die finansieringsreëlings (inkomste en uitgawe) ten opsigte van die onderwysstelsel gereël word.

⇒ Die **onderwyskundige struktuur** verwys na die ordening van die onderrig-leergebeure sodat 'n onderwyspad vir elke leerder volgens sy/haar individuele behoefte moontlik word. Die volgende elemente kan gelys word:

- Die **onderwysvlakke** waardeur die vlakke waarbinne 'n bepaalde onderwysstelsel funksioneer, uiteengesit word.
- Die **onderwysinrigtings** vir die reëling van die verskillende soorte onderwysinrigtings waarvoor in die onderwysstelsel voorsiening gemaak word.
- Die **onderwysprogramme** ter beskrywing van die verskillende onderwysprogramme wat in die onderwysinrigtings op die verskillende onderwysvlakke voorsien word.

- Die **leerders** voorsien as element die riglyne ten opsigte van onder andere toelatingsvereistes en leerdergedrag en verskaf inligting ten opsigte van die demografie van die leerders in die bepaalde onderwysstelsel.

- Die **onderriggewers** voorsien as element die riglyne ten opsigte van die voorsiening van onderriggewers en verskaf ook inligting aangaande die demografie van die onderriggewers.

- Die **taal** as element verwys na die riglyne ten opsigte van en verskaf inligting aangaande die onderwysmedium sowel as die tale wat as vakke onderrig word.

- In die element **fisiese fasiliteite** word voorskrifte gegee asook verslag gedoen ten opsigte van die aard van die onderwysfasiliteite wat voorsien word.

⇒ Die **ondersteuningdienste** sluit as komponent al die gespesialiseerde nie-onderwysdienste in wat nodig is om die effektiwiteit van die onderwys te verbeter. In hierdie geval kan die volgende elemente geïdentifiseer word:

- In die element **ondersteuningsdienste aan die leerder** word voorskrifte gegee sowel as verslag gedoen ten opsigte van die gespesialiseerde nie-onderwysdienste wat aan die leerders voorsien word.

- In die element **ondersteuningsdienste aan die onderriggewers** word voorskrifte gegee sowel as verslag gedoen ten opsigte van die gespesialiseerde dienste wat aan die onderriggewers voorsien word.

- In die element **ondersteuningsdienste aan die onderwysgebeure en -strukture** word voorskrifte gegee vir sowel as verslag gedoen van die gespesialiseerde dienste wat gelewer word ten einde effektiewer onderrig-leersituasies te skep en die onderwysinrigting beter te laat funksioneer.

Die inhoud van elk van die komponente en elemente van die onderwysstelsel is uniek aan elke onderwysstelsel en vertoon daarom onmiddellik die individualteit van elke onderwysstelsel. Sekere internasionaal-aanvaarde minimumvereistes kan wel geïdentifiseer word waaraan die onderskeie komponente en elemente behoort te voldoen ten einde die voorsiening van effektiewe onderwys in die onderwysstelsel te verseker (Steyn, 1993: 185-187; Steyn, 1994: 126-129).

### 2.1.2 Soorte onderwysstelsels

Verskillende soorte onderwysstelsels wat aan bogenoemde universele kenmerke van die onderwysstelsel voldoen, kan geïdentifiseer word, naamlik (Steyn, 1996(a): par. 1.5):

⇒ Die **nasionale onderwysstelsel** waardeur in al die onderwysbehoeftes van die inwoners van 'n bepaalde land voorsien word, en in hierdie gevalle kan na die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel of die Japanse onderwysstelsel of die Franse onderwysstelsel verwys word.

⇒ Die **mini-onderwysstelsel** waardeur onderskeibare onderwys volgens die unieke onderwysbehoeftes van 'n spesifieke teikengroep binne 'n bepaalde land voorsien word, byvoorbeeld die Katolieke gemeenskap of die Duitse gemeenskap in Suid-Afrika.

⇒ Die **mini-opleidingstelsel** waardeur in die spesifieke opleidingsbehoeftes van 'n bepaalde teikengroep voorsien word, byvoorbeeld in die opleidingsbehoeftes van Sasol of Transnet of die Weermag.

Elk van bogenoemde soorte onderwysstelsels kan in een van twee kategorieë geplaas word, naamlik:

⇒ Die **afhanklike onderwysstelsel** waarvolgens 'n bepaalde onderwysstelsel deur 'n teikengroep tot stand gebring word. Dié onderwysstelsel is dus gebonde om in die onderwysbehoeftes van daardie teikengroep te voorsien. Die afhanklike onderwysstelsel dui op 'n noue verhouding tussen die onderwysstelsel en die teikengroep maar dit impliseer ook dat die soewereiniteit van die stelsel beperk word deurdat daardie funksionarisse nie self die teikengroep in wie se onderwysbehoeftes hulle wil voorsien, kan kies nie.

⇒ Die **onafhanklike onderwysstelsel** waarvolgens 'n onderwysstelsel gestig word om volgens die keuse van die funksionarisse in die onderwysbehoeftes van 'n bepaalde teikengroep te voorsien. In hierdie geval word die professionele bevoegdhede in die onderwysstelsel nie aan bande gelê nie en kan daar van teikengroep verwissel word.

Binne die konteks van die verband tussen onderwys en opleiding, naamlik dat **onderwys** na daardie beplande handelinge verwys waardeur die leerders bevoegdhede verwerf ten opsigte van al hul lewensrolle en dat **opleiding** na daardie beplande handelinge verwys waardeur die leerders bevoegdhede verwerf ten opsigte van 'n bepaalde lewensrol, is die effektiewe aanwending van die verskillende soorte onderwysstelsels van besondere belang. Deur middel van die uitsette van die soorte onderwysstelsels moet die verdere opleibaarheid van die leerders vir spesifieke rolle verseker word, en deur middel van die mini-onderwysstelsel moet daardie deel van die teikengroep van die nasionale onderwysstelsel vir wie se unieke onderwysbehoeftes nie effektief in die nasionale onderwysstelsel voorsien kan word nie, hanteer word. Die nasionale onderwysstelsel, die mini-onderwysstelsel en die mini-opleidingstelsel is dus aanvullend tot mekaar ten einde effektief in die onderwysbehoeftes van die totale gemeenskap te voorsien. Deur middel van die onafhanklike onderwysstelsel word die geleentheid tot werklike professionaliteit in onderwysvoorsiening ook vergroot en is die onderwysstelsel en onderwysinrigtings nie op onprofessionele wyse dienstig aan 'n bepaalde teikengroep nie. Tog word, in die geval van die onafhanklike onderwysstelsel, die noue verband tussen teikengroep en onderwysstelsel nie geskaad nie (Steyn, 1996(a): par. 154-155).

## 2.2 Die funksie van die onderwysstelsel

Die funksie van die onderwysstelsel is die voorsiening van effektiewe onderwys. Die vlak van effektiewe onderwys wat in die onderwysstelsel voorsien word, word bepaal deur die mate waarin daar geslaag word om aan die werklike onderwysbehoeftes van die teikengroep te voldoen. Die taak van die onderwysstelsel is dus om effektiewe onderwysgeleenthede te voorsien. Onderwys word in hierdie opsig gedefinieer as die beplande handelinge waardeur die onderriggewer die leerder ondersteun om die verlangde kennis, vaardighede en gesindhede te verwerf ten einde sy/haar verskillende lewensrolle te vervul. Die leerder moet dus die geleenthede gebied word om die bevoegdhede te verwerf ter vervulling van sy/haar onderskeie rolle as (Steyn, 1998: par. 2.4.7):

- **Familielid**: Dit beteken dat die leerder die bevoegdhede moet verwerf om effektief in die gesin, as een van die primêre samestellende eenhede van die breë gemeenskap, te funksioneer en by te dra tot die behoud en uitbouing van die gesin as funksionele eenheid.

- **Staatsburger**: Om hierdie rol effektief te vervul moet die leerder die toepaslike bevoegdhede verwerf ten einde positief binne die staatstruktuur te funksioneer en sodoende by te dra tot die welsyn van die staat.

- **Lid van 'n geloofsgroepering**: Die leerder moet die bevoegdhede verwerf om as lid van die een of ander geloofsgroepering in te skakel.

- **Beroepsbeoefenaar**: Aangesien die beroepswêreld voortdurend aan die verander is, en omdat toetrede tot 'n beroep die verwerwing van sekere algemene en spesifieke bevoegdhede noodsaaklik maak, moet die leerder die geleentheid gebied word om daardie breë spektrum van bevoegdhede te verwerf.

- **Lid van gemeenskapsbelange groepe en -verenigings**: Die mate waarin 'n sinvolle samelewing in stand gehou kan word, hang in 'n groot mate af van die effektiewe funksionering van die verskillende belangegroepe en verenigings, byvoorbeeld die natuurleweverenigings en die verenigings ter bestryding van dwelmmisbruik, in die samelewing. Die leerders moet die nodige bevoegdhede verwerf ten einde 'n oordeelkundige bydrae te lewer tot die effektiewe funksionering van die verskillende belangegroepe en verenigings.

- **Vryetydsbesteder**: Die leerder moet ter verhoging van sy/haar lewensgehalte die bevoegdhede verwerf om sy/haar vrye tyd effektief aan te wend.

- **Verbruiker van die natuur en ander hulpbronne**: Die leerder moet die bevoegdhede verwerf om die natuurlike en ander hulpbronne met die nodige sorgsaamheid tot sy/haar voordeel aan te wend.

- **Self-verwesenlikende individu**: Elke leerder moet die bevoegdhede verwerf ten einde sy/haar talente te verwerklik, wat tot selfvervulling en tevredenheid aanleiding gee.

Die leerder moet dus in staat gestel word om volgens sy/haar individuele vermoë, aanleg en belangstelling, sy/haar verskillende rolle, soos gedefinieer en ingeklee deur die samelewing waaruit hy/sy afkomstig is, te vervul. Die verband tussen onderwys as kernaktiwiteit van die onderwysstelsel, die leerder en die belangegroepe in die teikengroep ten opsigte van die funksie van die onderwysstelsel kan dus soos in figure 2 en 3 voorgestel word.

## 2.3 Die determinante van die onderwysstelsel


Die universele aard van die onderwysstelsel word verbesonder volgens die individuele karakter van elke onderwysstelsel as gevolg van die inwerking van bepaalde determinante. Die determinante kan in twee klasse verdeel word, naamlik die interne determinante en die eksterne determinante. Elk van die klasse kan weer soos volg onderverdeel word (Steyn, 1996(a): hoofst. 4):

⇒ Die **interne determinante** verwys na die faktore in die onderwysstelsel wat 'n invloed op die aard en funksionering van daardie bepaalde onderwysstelsel het en kan soos volg georden word:


  - Die **interne determinant van historiese aard** verwys na die invloed van die huidige stand van die onderwysstelsel op die verdere ontwikkeling daarvan.

  - Die **interne determinant van wederkerige aard** verwys na die invloed van die een komponent of element op die aard en funksionering van 'n ander komponent of element van die onderwysstelsel.

Figuur 2. Verband tussen die onderwysbehoeftes van die leerder en die onderwys



## Figuur 3. Verband tussen die belangegroepe, die onderwysbehoeftes van die leerder en die onderwys



- Die **interne determinant van opvoedkundige aard** verwys na die invloed van onderwyskundige of opleidingskundige beginsels op die aard van die komponente en elemente van die onderwysstelsel.

⇒ Die **eksterne determinante** verwys na die faktore wat met die teikengroep te make het en kan soos volg georden word:

- Die **demografiese tendense** verwys na die wyse waarop die getalle, vestigingspatrone en gemeenskapsverskuiwing van die teikengroep byvoorbeeld die elemente onderwysinrigtings, leerders, onderriggewers en fisiese fasiliteite bepaal.

- Die **geografiese en klimatologiese kenmerke** van die omgewing waar die teikengroep gevestig is, bepaal byvoorbeeld op beduidende wyse die aard en funksionering van die elemente onderwysinrigtings en fisiese fasiliteite van 'n bepaalde onderwysstelsel.

- Die **fisiese en psigologiese kenmerke** van die teikengroep behoort byvoorbeeld ten opsigte van die besondere aard van die elemente onderwysprogramme en fisiese fasiliteite in berekening gebring te word.

- **Wetenskap en tegniek** wat in die teikengroep gebruik word of gebruik gaan word, is 'n kragtige determinant van die element onderwysprogramme.

- Die **taal** van die teikengroep is ook beslissend ten opsigte van die element taal van die onderwysstelsel.

- Die **sosio-ekonomiese tendense** as eksterne determinant verwys na die invloed wat die samestelling van die teikengroep asook die maatskaplike kenmerke daarvan en die ekonomiese situasie en bedrywighede op die byvoorbeeld die elemente onderwysprogramme en fisiese fasiliteite het.

- Die **polities-staatkundige tendense** en omstandighede teenwoordig in die teikengroep bepaal onder andere op besliste wyse die element organisasiestruktuur van die komponent onderwysstelseladministrasie.


- Die **filosofiese tendense** in die teikengroep het op hul beurt byvoorbeeld 'n direkte invloed op die element onderwysprogramme.

- Die rol van **mededingers**, dit wil sê onderwysvoorsiening op dieselfde terrein, en **medewerkers**, dit wil sê organisasies wat 'n bepaalde onderwysstelsel kan ondersteun in die voorsiening van onderwys, moet deeglik in ag geneem word.

Die invloed van die verskillende soorte determinante op die onderwysstelsel kan soos in figuur 4 voorgestel word.

Ten einde die individuele onderwysstelsel in staat te stel om effektief in die onderwysbehoeftes van die teikengroep te voorsien moet die komponente en elemente gestruktureer of beplan word ooreenkomstig: die werklike onderwysbehoeftes van die teikengroep, met inagneming van tersaaklike teoretiese standpunte en ervaring in ander onderwysstelsels en in die lig van relevante determinante van die onderwysstelsel gestruktureer of beplan word.

Figuur 4. Determinante van die onderwysstelsel



## 2.4 Beplanning van die onderwysstelsel

Ten einde 'n onderwysstelsel tot stand te bring wat deur middel van effektiewe onderwys in die werklike onderwysbehoeftes van die teikengroep voorsien, is dit nodig om die komponente en elemente van daardie onderwysstelsel ooreenkomstig die werklike onderwysbehoeftes en binne die raamwerk van die verskillende determinante in te klee. Ongeag die soort onderwysstelsel moet daar in die beplanning van daardie onderwysstelsel dus met 'n komplekse stel gegewens gewerk word wat inter-afhanklik die aard van die onderwysstelsel bepaal. Ten einde die verwerking van die gegewens in 'n hanteerbare eenheid te organiseer en die struktuur van 'n besondere onderwysstelsel daarvolgens te beplan, is 'n raamwerk vir strategiese onderwysstelselbeplanning ontwikkel. Die raamwerk bestaan uit twee fases, naamlik die fase van beplanningsanalise en die fase van beplanningsoperasionalisering, en elk van dié fases kan weer in die volgende stappe verdeel word (Steyn, 1996(a): par. 5.3):

⇒ Die **fase van beplanningsanalise** wat die volgende stappe insluit:

- die analise van die teikengroep en hul onderwysbehoeftes
- die terrein (nis) van onderwysvoorsiening
- die beskrywing van die relevante interne en eksterne determinante
- die SWOT-analise (akroniem vir sterk- en swakpunte, geleenthede en bedreigings)

⇒ Die **fase van beplanningsoperasionalisering** wat die volgende stappe insluit:

- die formulering van die visie en strewekenmerke (missie) van die onderwysstelsel
- die beplanning van die elemente van die onderwyskundige struktuur
- die beplanning van die elemente van die komponent ondersteuningsdienste
- die beplanning van die elemente van die komponent onderwysstelseladministrasie en
- die beplanning van die elemente van die komponent onderwysstelselbeleid.

Die strategiese beplanningsraamwerk kan soos in figuur 5 voorgestel word.


Deur middel van die beplanningsraamwerk kom die Vergelykende Opvoedkundige uit by 'n belangrike eindpunt van sy/haar akademiese werk, naamlik om behulpsaam te wees by die strukturering van 'n spesifieke onderwysstelsel sodat dit in die werklike onderwysbehoeftes van die teikengroep kan voorsien.

## 2.5 Standpuntinname

Meneer die Visekanselier, dit is my voorneme om deur middel van my akademiese arbeid op die terrein van onderrig, navorsing en dienslewering 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van die teorie aangaande:

- ♦ die aard, struktuur en funksionering van die verskillende soorte onderwysstelsels,

# Figuur 5. Beplanningsraamwerk vir strategiese onderwysstelselbeplanning



- die wyse waarop die verskillende soorte onderwysstelsel aanvullend kan meewerk om effektief in die onderwysbehoeftes van die totale gemeenskap van 'n land te voorsien, en

- om 'n bydrae te lewer ten opsigte van die verfyning van die raamwerk bedoel vir strategiese onderwysstelselbeplanning.

Vir enige Vergelykende Opvoedkundige sal dit egter duidelik wees dat so 'n keuse 'n groot terrein behels en dat daar hoofsaaklik net op die oppervlakte gekrap kan word indien daar op die hele terrein gefokus word. Daarom het ek besluit om uit die omvattende terrein 'n snit te maak waardeur akademiese verdieping makliker word sonder dat die res van die terrein verwaarloos of buite rekening gelaat word. Die snit wat gekies is, is die voorwaardes vir effektiewe onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe volgens hul unieke onderwysbehoeftes.

## 3 DIE ONDERWYSREGTE VAN MINDERHEIDSGROEPE

### 3.1 Die regte van minderheidsgroepe

Minderheidsgroepregte is 'n saak wat sedert die Tweede Wêreldoorlog gereeld in die brandpunt geplaas is, maar wat in die jongste jare besondere aandag in die internasionale gemeenskap, en veral in die breë Europese gemeenskap, ontvang. Minderheidsgroepe word gedefinieer as groepe wat in 'n getalle-minderheid verkeer en wat op grond van 'n geloofs-, kultuur- en/of taal- en/of etniese basis oor unieke kenmerke beskik wat hulle van die meerderheidsgroep in 'n bepaalde land of streek onderskei. Die minderheidsgroep wil ook hierdie unieke kenmerke beskerm en uitbou. In verskillende lande en deur middel van die konvensies en verdrae van verskillende internasionale organisasies, byvoorbeeld die *International Covenant on Civil and Political Rights* (1966) van die Verenigde Nasies, die *Charter of Paris for a New Europe* (1990) van die Europese Gemeenskap en die *African Charter on Human and Peoples' Rights* (1979) van die Organisasie vir Afrika-eenheid, word verskillende aspekte van die regte van minderheidsgroepe uiteengesit (Steyn, 1997(b): 8). Die regte van minderheidsgroepe kom egter daarop neer dat hulle reg op 'n eie identiteit erken, gerespekteer en beskerm word en dat hulle reg dat daar nie op onregverdige wyse teen hulle gediskrimineer word nie, gewaarborg word. Die minderheidsgroepsregte en die individuele regte word dus as aanvullend tot mekaar beskou. Dit word erken: "Each type of right pursues in its own way a common goal:respect for human dignity in its two expressions - that of human beings and that of human communities" (Donnely aangehaal in Steyn & Van der Walt, 1997: 3). Die erkenning van minderheidsgroepe se strewe na handhawing en uitbouing van 'n eie identeit word in die internasionale arena as uiters modern beskou en die beginsel word aanvaar dat minderheidsgroepsregte beteken dat gelykes op gelyke behandeling en ongelykes op ongelyke behandeling geregtig is. Die erkenning van individuele regte beteken nie dat alle verskille tussen individue op abstrakte wyse geïgnoreer word nie, maar dat dié verskille op sensitiewe wyse in die beskerming van die individuele regte erken sal word. Aan die ander kant beteken die erkenning van minderheidsgroepsregte ook nie dat die unieke kenmerke van minderheidsgroepe beskerm word asof hulle bedreigde spesies is nie, maar dat die minderheidsgroepe die geleentheid gebied word en ondersteun word om hierdie unieke kenmerke te beskerm en uit te bou. Die huidige beweging ter erkenning van die regte van minderheidsgroepe is veral die gevolg van die volgende twee tendense (Steyn, 1997(b): 10; Steyn, 1997(c): par. 2.2):

- **Die paradoks van globalisme**: Volgens hierdie tendens word as gevolg van onder andere die vorming van ekonomiese magsblokke en die krag van die moderne kommunikasie-middele 'n wêreldeenheid, of die sogenaamde "global village", bevorder. Die paradoks lê egter daarin dat ten spyte van die beweging na wêreldeenheid die moderne mens hom of haar nie as wêreldburger identifiseer nie maar eerder sy/haar sekuriteit en identiteit in die kleiner geloofs-, kultuur- en/of etniese groep vind. Die jongste bewyse hiervan is die verdeling van nasie-state in die

Oosbloklande tot kleiner eenhede en die besluit van Skotland en Wallis om na ongeveer 300 jaar van integrale eenheid in die Verenigde Koninkryk vir groter self-beskikking te kies.

- **Die paradoks van nasionale eenheid**: Soos in die geval van die "melting pot"-ideaal in die Amerikaanse samelewing is die 'logiese' uitgangspunt dat eenheid in die nasionale gemeenskap van 'n bepaalde land bevorder word indien die kultuur en ander kenmerke van individuele burgers tot eenselwigheid al nader na mekaar beweeg (Steyn, 1984). Volgens hierdie 'logiese' standpunt moet gemeenskappe die kenmerke van die meerderheidsgroep en die minderheidsgroepe dus algaande in mekaar verweef totdat daar 'n nuwe stel tiperende kenmerke vir al die individuele burgers ontstaan. Hoewel die uitgangspunt edel was, het dit in die meeste gevalle beteken dat die minderheidsgroepe by die kenmerke van die meerderheidsgroep moes inpas, dus "shape up or ship out". Die paradoks is egter daarin geleë dat nasionale eenheid nie bedreig word indien die regte van minderheidsgroepe erken word nie. Dit is eerder die geval dat die nasionale eenheid beskerm word indien die minderheidsgroepe 'n gevoel van sekuriteit ervaar omdat daar in hul besondere behoeftes voorsien word. Die minderheidsgroepe voel dus nie bedreig nie, hulle wil nie afskei nie en hulle dra volledig by tot die geheel van die staat omdat dit ook in hulle afsonderlike belang is. Lande soos België en Switserland is tipiese voorbeelde van hierdie paradoks van nasionale eenheid.

In al die ooreenkomste en geskrewe materiaal insake die regte van minderheidsgroepe word onderskeibare onderwysvoorsiening volgens hul unieke onderwysbehoeftes as een van die belangrikste regte van minderheidsgroepe gereken soos byvoorbeeld in die *Convention on the Rights of the Child* (1990) van die Verenigde Nasies en die *Convention against Discrimination in Education* (1960) van die United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (Unesco) (Steyn, 1997(d): par. 3.1). Die ontkenning van die onderwysreg van minderheidsgroepe word ook erken as een van die sake wat tot konflik tussen die minderheidsgroep en die meerderheidsgroep aanleiding kan gee.

### 3.2 Die onderwysbelange van minderheidsgroepe

In paragraaf 2.2 is aangetoon dat die funksie van die onderwysstelsel is om effektiewe onderwys te voorsien. Die vlak waartoe die onderwysstelsel effektief is, word bepaal deur die mate waarin daar in die werklike onderwysbehoeftes van die teikengroep voorsien word. Daar is ook aangetoon dat die onderwysbehoeftes van die leerders mede-bepaal word deur die algemene aard en bedrywighede van die belangegroepe waaruit die leerders afkomstig is. Aangesien die minderheidsgroep op grond van unieke geloofs-, kultuur/taal- of etniese kenmerke van die meerderheidsgroep onderskei word, spreek dit vanself dat hulle unieke aard en bedrywighede tot unieke onderwysbehoeftes by hul leerders aanleiding sal gee. Leerders uit die minderheidsgroepe word verder voor die uitdaging gestel om hul rolle in die eie minderheidsgroep sowel as in die meerderheidsgroep met sukses te vervul. Ter wille van 'n kwaliteit lewe moet die leerders uit minderheidsgroepe dus in staat gestel word om daardie bevoegdhede (kennis, vaardighede en gesindhede) te verwerf wat nodig is om 'n eie identiteit te verwerf en dit te verwerf sonder die druk van onregverdige diskriminasie. Die leerders uit die minderheidsgroepe moet dus in staat gestel word om sodanige bevoegdhede te verwerf wat hul unieke onderwysbehoeftes pas, naamlik as (Steyn, 1996(b): par. 3.4.2-3.4.3):

- **Lede van families uit die minderheidsgroep**: Dit is 'n feit dat die aard en funksionering van families uit verskillende geloofs-, kultuur- en etniese groepe verskil. Navorsingsanalises het naamlik getoon dat die verantwoordelikhede van ouers en kinders en die onderlinge verhoudings tussen die individuele gesinsrolle opvallend tussen die Afrikaanssprekendes, Moslems en Zoeloes verskil (Steyn, 1997(e): par. 7).

- **Staatsburgers**: Om positiewe staatsburgers te wees, vra spesifieke bevoegdhede. Leerders uit minderheidsgroepe moet byvoorbeeld bevoeg wees om stereotipering te hanteer en reg te stel en om in 'n dikwels nie-ondersteunende meerderheidsgemeenskap te funksioneer.

- **Beroepsbeoefenaars**: Die rol van die leerders wat 'n bepaalde beroep betree, is verbind met die ekonomie van die land. Dit mag dus voorkom asof leerders uit die minderheidsgroep geen unieke behoeftes het met betrekking tot hul rolle as beroepsbeoefenaars nie. Tog mag dit wees dat lede van 'n bepaalde minderheidsgroep veral in 'n bepaalde deel van die ekonomie betrokke is sodat hulle ander bevoegdhede nodig het as lede van die meerderheidsgroep. Dit kan ook wees dat leerders uit 'n bepaalde minderheidsgroep ook ander spesifieke bevoegdhede ten opsigte van beroepstoetrede nodig het, byvoorbeeld ten opsigte van taalvaardigheid, om sodoende op gelyke voet met die lede van die meerderheidsgroep te kan meeding.

- **Lede van geloofsgroeperings**: 'n Bepaalde geloofsoortuiging is een van die internasionaal-erkende onderskeidings van minderheidsgroepe. Geloofsoortuigings is ook gewoonlik die gevolg van spesifieke lewensbeskouings, en wanneer verstaan word dat 'n bepaalde lewensbeskouing die verweefdheid van bepaalde beskouings oor G(g)od, mens en skepping is, is dit duidelik dat die verskillende lewensbeskouings en geloofsoortuigings 'n besliste invloed op die onderwysvoorsiening sal hê. Afhangende van die aggressitiwiteit van 'n bepaalde geloofsoortuiging, sal sommige geloofsoortuigings tevrede wees indien hul toekomstige lede slegs met die algemeen-vormende bevoegdhede toegerus word, en dat hulle self die verantwoordelikheid van toerusting in die dogmas sal onderneem. Ander meer aggressiewe groepe sal egter weer eis dat die dogmatiese onderrig 'n integrale deel van die leerders se onderwys sal vorm.

- **Lede van belangegroepe en verenigings**: Die waarde van belangegroepe en verenigings vir die bewaring en uitbouing van die unieke kenmerke van minderheidsgroepe is amper vanselfsprekend. Verskillende kultuurgroepe het verskillende belangegroepe, en elk funksioneer met 'n spesifieke doel vir die bevordering van die bepaalde kulturele minderheidsgroep. Die leerders uit minderheidsgroepe het dus die behoefte aan daardie bevoegdhede wat nodig is om by te dra tot die effektiewe funksionering van daardie verskillende belangegroepe en verenigings.

- **Vryetydsbesteders**: Die wyse waarop lede van bepaalde minderheidsgroep hul vrye tyd bestee, word bepaal deur wat as waardevol geag word. Tipiese stokperdjies en sportbedrywighede kan van minderheidsgroepe tot minderheidsgroep verskil, en die leerders uit 'n bepaalde minderheidsgroepe moet met die verlangde bevoegdhede hiervoor toegerus word.

- **Self-verwesenlikende individue**: Self-verwesenliking verwys na die begeerte van die individu om alles te verwesenlik waartoe 'n bepaalde individu in staat is en die vermoë van die individu om hom/haar te aanvaar en deur ander aanvaar en geag te word. Omdat self-aanvaarding gewoonlik ook afhanklik is van die aanvaarding deur ander en omdat aanvaarding gewoonlik by die familie en die eie kultuurgroep begin, is dit duidelik dat die verwerwing van waardes en eienskappe van die minderheidsgroep vir die individuele lid uit daardie minderheidsgroep belangrik is ten opsigte van self-verwesenliking. Watter waardes deur die minderheidsgroep as belangrik geag word, byvoorbeeld intellektuele, ekonomiese, godsdienstige of politieke bevoegdhede, sal dus die ideale waarna die individuele lid strewe, mede-bepaal, en dit sal daarom die onderwysbehoeftes van die leerders uit die minderheidsgroepe beïnvloed.

Effektiewe onderwys word bepaal deur die vlak waartoe die leerders uit die minderheidsgroepe vir hul verskillende rolle toegerus word. Indien die vlak waartoe leerders uit die minderheidsgroep vir hul unieke rolle toegerus word, beperk word, word die effektiwiteit van hul onderwys beperk. Dié leerders kan dus met reg beweer dat daar op onregverdige wyse teen hulle gediskrimineer word. Die

onderwysbehoeftes van die leerders uit die minderheidsgroep en die verband met die meerderheidsgroep kan soos in figuur 6 voorgestel word.

### 3.3 Die minderheidsgroep as deel van die teikengroep van die nasionale onderwysstelsel

Die minderheidsgroep is deel van die burgers van 'n bepaalde land, en as sodanig is hulle deel van die teikengroep wat deur die nasionale onderwysstelsel bedien moet word. As deel van die teikengroep van die nasionale onderwysstelsel behoort hul unieke omstandighede ook ten opsigte van die eksterne determinante van die nasionale onderwysstelsel verreken te word. Die eksterne determinante van die nasionale onderwysstelsel kan op die volgende wyses deur die besondere omstandighede van die bepaalde minderheidsgroepe geraak word (Steyn, 1996(a): hoofst. 4; Steyn, 1996(c): par. 4.4.2):

- **Demografie**: Die demografie van die bepaalde minderheidsgroep bepaal in watter mate onderwysvoorsiening aan daardie minderheidsgroep haalbaar en volhoubaar is. Die getalle, konsentrasie en migrasie van die lede van die minderheidsgroep sal die haalbaarheid bepaal van spesifieke maatreëls vir onderwysvoorsiening, soos besondere onderwysinrigtings of onderwysprogramme of vakke, om in die unieke onderwysbehoeftes van die minderheidsgroep te voorsien.


- **Wetenskap en tegnologie**: Dié determinant is veral ter sake indien die vlak waartoe die bepaalde minderheidsgroep by die wetenskap en tegnologie betrokke is, van die betrokkenheidsvlak van die meerderheidsgroep verskil. Dit kan ook wees dat die minderheidsgroep in so 'n mate by 'n bepaalde wetenskaplike of tegnologiese terrein betrokke is dat dit hulle van die meerderheidsgroep onderskei. Sodanige betrokkenheid sal die onderwysbehoeftes van daardie minderheidsgroep bepaal wat dan in die nasionale onderwysvoorsiening verreken moet word.

- **Taal**: Die gebruik en ontwikkeling van die eie taal is vir daardie minderheidsgroepe, wat op grond van taalverskille as minderheidsgroep gekenmerk word, van die uiterste belang. Daarom sal leerders uit hierdie minderheidsgroepe verwag dat hulle die nodige bevoegdhede sal verwerf om hul eie taal te gebruik en te ontwikkel en dat hul taal as medium van onderrig gebruik word. Die lede van die minderheidsgroep sal ook verwag dat hulle die verlangde bevoegdhede in die taal van die meerderheidsgroep sal bemeester.

- **Sosio-ekonomiese situasie**: Minderheidsgroepe is 'n inherente deel van die nasionale gemeenskap wat ook die teikengroep van die nasionale onderwysstelsel is. Soos wat die maatskaplike situasie van die teikengroep die aard van die nasionale onderwysstelsel bepaal, verwag die lede van die minderheidsgroepe dat die unieke aard van hul maatskaplike situasie in die onderwysvoorsiening verreken sal word. Ten opsigte van die ekonomiese betrokkenheid verwag die leerders uit die minderheidsgroepe ook dat hulle daardie bevoegdhede sal verwerf sodat hulle op positiewe wyse in die landsekonomie betrokke kan wees. Verder sal minderheidsgroep ook verwag dat die finansiële uitgawe aan hul onderwys ten minste verband sal hou met die deel wat hulle tot die staatskas bydra.

- **Polities-staatkundige situasie**: Aangesien die politieke regte die kern van die regte van minderheidsgroepe vorm, sal minderheidsgroepe verwag dat hul politieke standpunte in die onderwysvoorsiening gerespekteer sal word en dat hul politieke standpunte ook verreken sal word in die beplanning en vestiging van die nasionale stelsel van onderwysvoorsiening. Die minderheidsgroepe sal ook verwag dat hulle aktief en op beslissende wyse by die beheer van hul lede se onderwys betrokke sal wees.

# Figuur 6. Verband tussen die belangegroepe, die onderwysbehoeftes van die leerder en die onderwys by minderheidsgroepe



- **Lewensbeskoulike situasie**: Lewensbeskoulike en geloofsverskille tussen die meerderheid en die minderheidsgroepe is 'n belangrike aspek wat in die onderwysvoorsiening in gedagte gehou moet word. Minderheidsgroepe sal daarom verwag dat hul lewensbeskoulike en geloofskenmerke by die voorsiening van hul onderwys deeglik in ag geneem sal word.

Die effektiwiteit van die onderwys in die onderwysstelsel word mede-bepaal deur die vlak waartoe die determinante in die onderwysstelselbeplanning verreken word. Die effektiwiteit van die onderwys aan minderheidsgroepe sal ook bepaal word deur die vlak waartoe hul unieke omstandighede as deel van die determinante in berekening gebring word. Die omgekeerde is ook waar. Indien die unieke omstandighede van die minderheidsgroep nie as deel van die determinante in berekening gebring word nie, word die effektiwiteit van hul onderwys beperk. Hulle kan dus daarop aanspraak maak dat daar onbillik teen hulle gediskrimineer word. Die wyse waarop die belange van die minderheidsgroep as deel van die nasionale gemeenskap verreken behoort te word, kan soos in figuur 7 voorgestel word.

### 3.4 Onderwysinrigtings vir minderheidsgroepe

Dit is 'n neiging by verskillende minderheidsgroepe in die internasionale wêreld om 'n eie onderwysinrigting te verkies vir die onderwys van hul leerders. Dit is hierdie konteks dat die *Convention against Discrimination in Education* (1960) van Unesco verstaan moet word. In artikels 2 &5 van die genoemde Konvensie (aangehaal in Steyn, 1996(b): par. 2.4.1) word byvoorbeeld verklaar dat:


> "The establishment and maintenance, for religious or cultural reasons, of separate educational systems or institutions or private schools offering and education which is in keeping with the wishes of the parents or guardians, shall not be deemed to constitute discrimination as long as attendance to these institutions is optional and conforms to such standards as may be approved by competent educational authorities.
>
> The right of parents to choose educational institutions, other than those provided by the state, should be respected. The right of members of minority groups to carry on their own educational activities, including the maintenance of schools, is recognised, as long as these do not prevent pupils of minority groups from understanding the culture of the majority group, if the standard of these educational activities is not lower than the general standards and if attendance to these provisions is optional."

Die aandrang van minderheidsgroepe op eie skole volg uit die feit dat die effektiwiteit van die onderwys verhoog word indien 'n bepaalde gemeenskap eienaarskap, in 'n fisiese en psigiese sin, vir die bepaalde onderwysinrigting kan aanvaar. Indien die vlak waartoe 'n bepaalde gemeenskap eienaarskap vir 'n bepaalde onderwysinrigting kan aanvaar, beperk word, word die effektiwiteit van hul onderwys beperk en kan hulle met reg beweer dat daar op onbillike wyse teen hulle gediskrimineer word. Ten einde in die unieke onderwysbehoeftes van die minderheidsgroep te voorsien en hulle in staat te stel om eienaarskap vir 'n bepaalde skool te aanvaar, moet die algemene kenmerke van hulle eie skole aan die volgende voorwaardes voldoen (Steyn & Weggeman, 1997: par. 2.2):

- **Die onderwysinrigting is die samekoms van onderriggewers en leerders**

  Om met 'n bepaalde onderwysinrigting te identifiseer moet die leerders van die minderheidsgroep met die onderriggewers en leerders van daardie onderwysinrigting kan identifiseer en assosieer. Die leerders moet met die onderriggewers kan identifiseer, want indien die onderriggewer deur die leerders aanvaar word, word die effektiwiteit van die onderwys verhoog, ook omdat die

**Figuur 7. Determinante van die nasionale onderwysstelsel in verhouding met die minderheidsgroep**



onderriggewers as rolmodelle dien. Die kwaliteit en kwantiteit van onderriggewers uit die minderheidsgroep sal dus die vlak beïnvloed waartoe die leerders met 'n bepaalde onderwysinrigting kan identifiseer.

Die leerders behoort ook met mekaar te kan identifiseer, want die onderwysinrigting is 'n interpersoonlike sosiale instelling. Hoe hoër die aantal leerders uit die minderheidsgroep is, hoe beter is die moontlikheid dat die leerders uit die minderheidsgroep, sowel as die minderheidsgroep self, met daardie onderwysinrigting sal identifiseer. Dit is die resultaat van 'n gevoel van samehorigheid en geborgenheid wat deur die leerders ondervind word en die feit dat minder leerders gemarginaliseer word.

- **Effektiewe onderwys is afhanklik van relevante onderwysprogramme**

  Die onderwysprogramme verwys ook na die leerinhoude waardeur die leerders vir hul verskillende rolle voorberei moet word. Die minderheidsgroep sal verwag dat die leerinhoud by die werklike leefwêreld en by wat deur die minderheidsgroep as waardevol geag word, aansluit. Deur middel van die relevansie van die leerinhoude moet die leerders uit die minderheidsgroep dus vir hul unieke rolle in die minderheidsgroep sowel as vir hul rolle in die breë gemeenskap voorberei word. Relevante leerinhoude sal dus die vlak waartoe die minderheidsgroep eienaarskap vir 'n bepaalde onderwysinrigting aanvaar, verhoog.

- **Effektiewe onderwys is afhanklik van taal**

  Indien daar harmonie is tussen die medium van onderwys, die tale wat onderrig word en die simbole wat in die besondere onderwysinrigting gebruik word en die moedertaal, die taalbehoeftes en die simbole van die minderheidsgroep, sal die vlak waartoe die minderheidsgroep met die onderwysinrigting identifiseer, verhoog word.

- **Effektiewe onderwys is afhanklik van geskikte fasiliteite**

  Die aard van die onderwysfasiliteite sal die vlak verhoog waartoe die minderheidsgroep vir die onderwysinrigting eienaarskap aanvaar, indien veral die voorkoms en soort fasiliteite by die aard van bepaalde minderheidsgroep aanpas. Spesifieke aanduiders sal byvoorbeeld die soort en vlak van kunstigheid en sindelikheid sowel as die sofistikasie van die fasiliteite wees.

- **Effektiewe onderwys is afhanklik van effektiewe bestuur en administrasie**

  Die bestuur en administrasie van die onderwysinrigting verwys na die aktiwiteite gekenmerk deur gesag, verhoudings en verantwoordelikhede van die verskillende funksionarisse. Indien die wyse waarop die gesag uitgeoefen word, verband hou met die kultuur van die minderheidsgroep en indien die funksionarisse verantwoordelik vir die bestuur aanvaarbaar is vir die minderheidsgroep, sal die vlak waartoe die bepaalde minderheidsgroep eienaarskap vir daardie onderwysinrigting kan aanvaar, verhoog word. Indien die organisasiestrukture verantwoordelik vir die onderwysadministrasie verder ooreenstem met die tipiese organisasiestrukture in die minderheidsgroepe, sal daardie minderheidsgroep makliker met daardie onderwysinrigting kan identifiseer.

Dit blyk dus dat die onderwysinrigtings, of ten minste onderskeibare onderwysvoorsiening, in die internasionale arena, op al vier onderwysvlakke, naamlik die pre-primêre, primêre, sekondêre en tersiêre vlakke, deur minderheidsgroepe as 'n belangrike voorvereiste vir effektiewe onderwys geag word. Tipiese voorbeelde van onderskeibare onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe word in België, Nederland, Frankryk en Kanada gevind (Steyn & Vanderstraeten, 1997; Steyn, 1995)

## 3.5 Stand van minderheidsgroepsregte in Suid-Afrika

In die Grondwet (1996) en in die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (1996) is daar oorgenoeg bewys dat daar van die Suid-Afrikaanse samelewing verwag word om die regte van minderheidsgroepe te respekteer (Steyn, Steyn & De Waal, 1997: par. 2.5). Die klagte in die internasionale kring blyk egter ook hier waar te wees, naamlik dat die regte hoogstens gerespekteer word, maar dat weinig deur die meerderheid gedoen word om hierdie regte toe te pas. Vele stemme vanuit verskillende politieke partye en belangegroepe gaan gereeld op om die erkenning van minderheidsgroepsregte, en verskillende minderheidsgroepe het op onderwysgebied reeds daartoe oorgegaan om onafhanklike (private) skole te stig om op so 'n wyse in hul unieke onderwysbehoeftes te voorsien. Die persepsie bestaan by verskillende minderheidsgroepe in Suid-Afrika dat die erkenning van die minderheidsgroepsregte in die praktyk net lippediens is (Steyn, 1997(d)). Die uitspraak van die Konstitusionele Hof (1996), die wyse waarop dit lyk asof die gebruik van Afrikaans in die skole gekortwiek word, die besluite van die parlementêre komitee insake onderwys en die houding van funksionarisse in onderwysdepartemente dra daartoe by om genoemde persepsie te bevorder. Enige poging tot die bevordering van die minderheidsgroepsregte word dadelik daarvan verdink om 'n vorm van nieu-apartheid te wees of word verwyt as synde 'n vorm van rassisme.

Aan die ander kant moet dit ook onthou word dat die internasionale modelle vir sosiale ordening in verskillende lande op verskillende wyses toegepas word as gevolg van verskillende omstandighede wat bestaan. Daarom kan dit ook nie summier verwag word dat die minderheidsgroepsregte in Suid-Afrika op presies dieselfde wyse toegepas kan word as byvoorbeeld in Europa nie. Die onderwysregte van minderheidsgroepe sal dus ook nie identies aan dié in ander dele van die wêreld wees nie. By 'n detail-ontleding van die internasionale riglyne en die situasie in Suid-Afrika blyk die volgende 'n geldige riglyn vir die toepassing van die onderwysregte van minderheidsgroepe in Suid-Afrika te wees (Steyn, 1997(b): 43):

> Minderheidsgroepe moet die verantwoordelikheid neem dat hoë kwaliteit, onderskeie onderwys op pre-primêre, primêre, sekondêre en tersiêre vlakke, volgens die unieke onderwysbehoeftes van die betrokke minderheidsgroep wat daarom vra, voorsien word met besondere inagneming van die ouers se belange, tot voordeel van die bepaalde minderheidsgroep en aantoonbaar tot voordeel van die hele Suid-Afrikaanse samelewing.

Ten einde hierdie stadium te bereik, sal egter nog heelwat navorsings- en ontwikkelingswerk nodig wees en sal groot moeite gedoen moet word om die korrekte boodskap aangaande die onderwysregte van minderheidsgroepe oor te dra en om die korrekte gesindhede by alle belangegroepe in die minderheidsgroepe sowel as in die meerderheidsgroep te vestig.

## 3.6 Standpuntinname

Meneer die Visekanselier, dit is hierdie geval ook my voorneme om in my akademiese arbeid aan die volgende aandag te gee:

- Deurdagte navorsing is noodsaaklik om die toepaslike aard van die onderwysregte van minderheidsgroepe in Suid-Afrika te bepaal. Die mees effektiewe wyses waarop onderskeibare onderwys volgens die unieke onderwysbehoeftes van minderheidsgroepe voorsien kan word, moet bepaal word en maniere moet gevind word om die korrekte boodskap ten opsigte van die onderwysregte van minderheidsgroepe oor te dra. Ter uitvoering van hierdie navorsing is die samewerking van internasionale kundiges noodsaaklik ten einde objektiwiteit en

geloofwaardigheid aan die navorsingsbevindings te gee. Dit blyk dat veral wetenskaplikes in Vlaandere (België) en Nederland waardevolle insette kan lewer.

- Dit is verder my voorneme om deur middel van onderrig op die verskillende vlakke van studie die korrekte en gebalanseerde aard van die onderwysregte van minderheidsgroepe oor te dra. Die studente behoort die bevoegdhede te verwerf om by te dra tot die gebalanseerde en korrekte toepassing van die onderwysregte van minderheidsgroepe.

- Dienslewering ten opsigte van die onderwysregte van minderheidsgroepe is ook terselfdertyd van wesenlike belang. Dienste wat ter sprake is, is onder andere konsultasiedienste aan belangegroepe uit bestaande minderheidsgroepe in Suid-Afrika en strategiese beplanningshulp insake onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika.

## 4 TEN SLOTTE

Effektiewe onderwys in Suid-Afrika is afhanklik van die wyse waarop die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gestruktureer is om in die werklike onderwysbehoeftes van al sy inwoners te voorsien. 'n Deel van die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan, op grond van unieke geloofs- en/of kultuur en/of etniese kenmerke, uit bepaalde minderheidsgroepe wat hierdie unieke kenmerke wil handhaaf en uitbou. Tendense in die internasionale arena toon dat hierdie minderheidsgroepe geregtig is op onderskeibare onderwysvoorsiening. Binne die Suid-Afrikaanse konteks moet die onderskeibare onderwys ook aantoonbaar tot voordeel van die hele Suid-Afrikaanse samelewing trek. In hierdie intreerede het ek aangetoon dat ek graag betrokke wil wees en 'n deel bydra tot die verwesenliking van hierdie ideaal.

## BRONNE

Steyn, H.J. 1986 Kultuurdifferensiasie in die onderwys in die VSA. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 6(1): 30-37.

Steyn, H.J. 1993. International opinion on minimum requirements in the South African education system. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 13(4): 182-188.

Steyn, H.J. 1994. Mimimum vereistes vir 'n Suid-Afrikaanse onderwysstelsel: 'n Nederlands-Belgiese perspektief. *Koers*, 59(1): 117-131.

Steyn, H.J. 1995. The education system of Canada. *In* Dekker, Elise & Van Schalkwyk (ed.). Modern Education Systems. Durban: Butterworths.

Steyn, H.J. 1996(a). Struktuur van die onderwysstelsel. Potchefstroom: PU vir CHO.

Steyn, H.J. 1996(b). Perceptions of the national education system. Projekverslag van die navorsingsprojek "Onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika" o.l.v. prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO.

Steyn, H.J. 1996(c). Educational provision to minority groups in the national education system. Paper read at the Conference of the South African Educational Law and Policy Association, Rustenburg, 23-25 October.

Steyn, H.J. 1997(a). Die aard van die onderwysstelsel. Potchefstroom: Ongepubliseerde werkstuk.

Steyn, H.J. 1997(b). Die voorsiening van onderwys aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika. Hoofverslag van die navorsingsprojek "Onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika" o.l.v. prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO.

Steyn, H.J. 1997(c). Geloofsonderwys en ouerbetrokkenheid binne die raamwerk van onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe. Artikel aanvaar vir publikasie in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.

Steyn, H.J. 1997(d). Moontlikhede vir onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika. Artikel aanvaar vir publikasie in *Koers*.

Steyn, H.J. 1997(e). Onderwysbehoefte van minderheidsgroepe in Suid-Afrika: die Afrikaanssprekendes, die Muslims en die Zoeloes. Projekverslag van die navorsingsprojek "Onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika" o.l.v. prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO.

Steyn, H.J. 1998. Structure of the education system. Potchefstroom: Keur Kopie.

Steyn, H.J., Steyn, S.C. & De Waal, E.A.S. 1997. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel '97: Kernkenmerke. Potchefstroom: PU vir CHO.

Steyn, H.J. & Vanderstraeten, R. 1997. Minority group education in South Africa: some suggestions based on European experiences. Projekverslag van die navorsingsprojek "Onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika" o.l.v. prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO.

Steyn, H.J. & Van der Walt, J.L. 1997. Universaliteit/individualiteit en kringsoewereiniteit as kenmerke van onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 33(1ste en 2de Kwartaal): 1-12.

Steyn, H.J. & Van der Westhuizen, P.C. 1994. Apartheid: scapegoat for every wrong? *South African Journal of Education*, 13(1): 35-39.

Steyn, H.J. & Weggeman, A. 1997. Own education institutions as an option for minority groups in South Africa. Projekverslag van die navorsingsprojek "Onderwysvoorsiening aan minderheidsgroepe in Suid-Afrika" o.l.v. prof. H.J. Steyn, Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO.